

Hoofstuk van die dag: Nahum 3

> *Jy is verwoes, en jy sal nie herstel nie, jou wond is dodelik; almal wat die tyding oor jou verneem, klap hande daaroor, want wie het nie almal voortdurend onder jou wreedhede gely nie? (vers 19)*

Nahum se profesie oor die seker ondergang van Nineve gaan oor méér as net die Assiriërs en hulle ongebreidelde magslus. Dit

gaan daaroor dat die Here enige vorm van magsmisbruik verafsku. En dit gaan nie net oor vergrype teen die Godsvolk nie; trouens, Juda is glad nie ter sprake in hierdie uitspraak nie. God is nie net besorg oor wat aan sy volk gedoen word nie, Hy is begaan oor die hele wêreld. Alle volke en mense is aan Hom rekenskap verskuldig.
So word Nineve die simbool van die wrede, onmenslike, gevoellose uitoefening van mag. Waar dit gebeur, gryp God genadiglik in en vernietig Hy sulke magte. Ons vind ’n eggo van hierdie profesie in Op 18 waar die val van Babilon voorspel word. Ook Babel was ’n allesvernietigende mag, en in Openbaring is Babel ’n kodewoord van Rome en die Romeinse staat.
God slaap nie, wil Nahum ons verseker. God waak oor die mensdom, en gryp in as dinge hand-uit ruk. Dít is die uiteindelike troos van die boek.

Naskrif: Môre begin ons met 2 Petrus.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026